Sing vooraf: Psalm 51:4 (p. 261)

4 Net soos die lyder, van melaatsheid vry, /verlangend na die teer gemeenskapsbande,
besprinkel word deur priesterlike hande –– / ontsondig, HEER, ontsondig so ook my!
Was my met suiwer water van dié smet / en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.
Laat die gebeent' wat U verbrysel het, / weer in my juig, nie meer verbrysel wees nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 31:1, 2, 12 (p. 143)

1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.

2 O neig u oor en red 'n lyder, / wees my by stormgerug / 'n rots om in te vlug!
Wees my 'n vesting, o bevryder, / wat op 'n berg verhewe, / my veiligheid kan gewe!

12 Heer, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 22:1 (p. 99)

1 My God, my God, waarom verlaat U my, / Terwyl 'k alleen my sware stryd moet stry,
alleen moet kerm wanneer 'k my lyde ly? / Op al my vrae
kan ek van U, deur al my lydensdae, / geen antwoord kry; deur donker lydensnagte
bly ek nie stil; maar daar's geen heil te wagte, / geen woord vir my.

Skriflesing: 1 Petrus 3

Teks: 1 Petrus 3:18; Kategismus Sondag 15

Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring – Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;
(1 Petrus 3:18 AFR1953)

Die interessante ding is dat die vroeë Christelike kerk nie die lyding van die Here Jesus aan die kruis bely het nie.

- Hulle het net bely: "Ons glo in Hom wat onder Pontius Pilatus gekruisig en begrawe is" *(credimus eum, qui sub Pontio Pilato crusifixus est et sepultus).*
- Maar omdat die Here Jesus nie net aan die kruis vasgeslaan was nie, maar letterlik ten bloede toe gely het en pyn en angs deurgemaak het, het die kerk later hierdie gedeelte van die belydenis verander en bygevoeg dat die Here Jesus ook onder Pontuis Pilatus gely het *(passus sub Pontio Pilato crusifixus est et sepultus).*

Ons gee in die preek aandag aan:

1. **Die oorsaak van die Here Jesus se lyding**
2. **Die aard van die Here Jesus se lyding**

1. Die oorsaak van die Here Jesus se lyding

God se heilige reg is die grondoorsaak van die Here Jesus se lyding as Borg vir sy volk.

- Dis eintlik logies as ons daaraan dink dat die Bybel openbaar dat alles gebeur volgens die wil van God.
- Dink byvoorbeeld aan wat die Here in Matteus 10:29-30 openbaar:

  Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. (Matteus 10:29-30 AFR1953)

As dit waar is – en dit is waar – op watter gronde kan die lyding van die Here Jesus dan uitgesluit word asof dit nie die wil van God is nie?

- Natuurlik is die lyding van die Here Jesus die wil van God.
- Dis nie so dat God dit net toegelaat het dat die Here Jesus ly nie.
- Hy dit van ewigheid af in sy ewige Raad besluit – en soos die geskiedenis voortgegaan het, het God die Here Jesus se geboorte, lyding en oorwinning presies bestuur.

In God se vredesraad het die Seun Homself aan die lyding oorgegee. Hyself bid oor sy lyding en sê:

My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. (Matteus 26:39 AFR1953)

Die Ou Testament het sy lyding al voorspel. Let op dat die optrede van God hierin na vore kom:

Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. (Jesaja 53:4 AFR1953)

Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het. (Jesaja 53:12 AFR1953)

Die Nuwe-Testamentiese kerk word spesifiek oor die betekenis van die lyding van die Here Jesus onderrig:

Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. (2 Korinthiërs 5:21 AFR1953)

Hierdie aanhalings uit die Bybel maak dit duidelik dat ons sondes die oorsaak was wat die Here Jesus se lyding veroorsaak het.

- God het ons sondes op Hom gelê/Hom toegereken.
- Hy het dus aan die kruishout die lyding gely wat ons behoort te gely het!

2. Die aard van die Here Jesus se lyding

Die Here Jesus se lyding was volledig: dit het Hom liggaamlik en ook in sy siel getref! Om die stryd liggaamlik te kon deurmaak, het Hy mens geword.

- Die gevolg daarvan was dat Hy in God se oordeel moes verskyn asof Hy die enigste en ergste sondaar was!
- So het Hy met sy liggaam ook die volle toorn van God op Hom gevoel.
- Dink net watter verskriklike geestelike spanning dit moes wees om onskuldig al hierdie angs en toorn deur te maak – sodat ander, wat dit nie verdien nie, dit kan vryspring en oorleef.

Wat is lyding?

- Lyding is waarskynlik ’n stelselmatige afbreek van ons natuur en ons menswees.
- Daarom is die eindpunt van lyding vir iemand wat nie verlos is nie, die hel.
    - Daar is mens van alle vreugde en beeldskap van God ontneem.
    - Daar is alle vorme van liggaamlike welstand ook weggeneem.
- Dis waarom die hel uitgebeeld word as ’n vuur wat ewig brand en die mens wat daarin is soos ’n wurm wat daarin krioel en wat op sy tande kners van pyn.

Die Here Jesus het as ons Borg met sy liggaam en sy siel gely.

- Hy was nie in die hel nie, maar Hy het al die angste van die hel gely – ter wille daarvan dat ons saam in hierdie erediens kan sit en God aanbid.
- En sodat ons daardie helse angste en lyding kan vryspring en die ewigheid in volmaaktheid mag wees.

Wat die Here Jesus se lyding erg maak, is dat dit nie iets was wat net aan die kruis gebeur het nie – al stel ons dit baie keer so voor!

- Sy lyde was ’n straflyde onder die toorn van die Here wat sy hele lewe lank geduur het!
- Dit het inderdaad al in die skandes van sy geslagsregister begin en deur die ellendes rondom sy geboorte tot deur elke dag wat Hy op aarde gelewe het.

Al die haat en verwerping wat Hy sy lewe lank deurgemaak het en dan veral aan die kruis was vir ons versoening.

- Daar aan die kruis het die lyding en verwerping natuurlik ’n hoogtepunt bereik, want daar het God ook die Here Jesus in sy mensheid verlaat: “My God, my God waarom het U my verlaat?”

Dit wat die Here nou verwag, is dat ons hierdie evangelie moet glo en aanneem:

- Daar is net een Redder en dit is die Here Jesus Christus.
- Daar is geen ander manier om gered te word nie – net deur Hom alleen.

Daarom moet ons die sonde met alle mag weerstaan en beveg en in die Here Jesus weer nuut in die ware beeld van God lewe.

Kom ons kyk saam wat daar van al die dinge in ons belydenis geskryf staan. Ons kyk eerste in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 21 en dan ook in die Heidelbergse Kategismus Sondag 15:

NGB artikel 21: Die Versoening deur Christus

Ons glo dat Jesus Christus – kragtens ’n eed – ’n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek. Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het.

Daar staan geskrywe dat die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom;

- *dat Hy soos ’n lam na die slagpale gelei en by die misdadigers gereken is (Jes 53: 5, 7, 9);*
- *dat Hy as ’n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar.*
- *Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie (Ps 69:5);*
- *Hy het na liggaam en siel as regverdige vir die onregverdiges gely (1 Pet 3:18);*

- *Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val (Luk 22:44); en*
- *Hy het uitgeroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat" (Matt 27:26).*

Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely.

- *Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks praat nie as oor Jesus Christus en wel oor Hom as gekruisigde (1 Kor 2:2);*
- *dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken oortref alles in waarde (Fil 3:8); dat ons volkome vertroosting in sy wonde vind en dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word (Heb 10:14).*

Dit is dan ook die rede waarom Hy deur die engel van die God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, want Hy sou sy volk van hulle sondes verlos (Matt 1:21).

Heidelbergse Kategismus Sondag 15:

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antwoord: *Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het (a). So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer (b) ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos (c) en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf (d).*
(a)Jes 53:4; 1 Pet 2:24; 3:18; 1 Tim 2:6. (b) Jes 53:10; Ef 5:2; 1 Kor 5:7; 1 Joh 2:2; Rom 3:25; Heb 9:28; 10:14. (c) Gal 3:13; Kol 1:13; Heb 9:12; 1 Pet 1:18, 19. (d) Rom 3:25; 2 Kor 5:21; Joh 3:16; 6:51; Heb 9:15; 10:19.

Vraag 38: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antwoord: *Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word (a) en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom (b).*
(a)Joh 18:38; Matt 27:24; Luk 23:14, 15; Joh 19:4. (b) Ps 69:5; Jes 53:4, 5; 2 Kor 5:21; Gal 3:13.

Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie:

Antwoord: *Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het (a), omdat die kruisdood deur God vervloek is (b)*
(a)Gal 3:13. (b) Deut 21:23.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:7, 8 (p. 577)

7 Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.

8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde͡en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 10 Mei 2009